Disclaimer: Although everything has been done to ensure the accuracy of information, the NAU takes no responsibility for actions or losses that might occur due to the usage of this information

15 Januarie 2021 | In vandag se nuusbrief

- Fooie vir kliniese dienste van DVS
- Plantpeste en -plae
- NLU Klein Advertensies nou deel van die nuusbrief

Welkom terug!

Baie van ons lede was hopelik lekker verras deur die goeie reëns toe hulle na die vakansie teruggekeer het na hulle plase, veral dié lede wat jare laas reën gehad het. Ons is baie dankbaar vir die welkome lafenis wat oor die hele land uitgesak het.

Behalwe vir die normale struikelblokke gaan hierdie jaar weens die COVID-19-pandemie en die gevolge daarvan op die ekonomie, waarskynlik groot uitdagings bied.

Ons vra dus u ondersteuning vir die leiers van die NLU in hul pogings om vir u ’n omgewing te skep waarin u in vrede kan boer. Ons streeksverteenwoordigers, asook die besture van die bedrywe en die Uitvoerende Raad, spandeer baie tyd en energie om hierdie doel te bereik. Ons vertrou dat ons ook geseënd sal wees en die wysheid sal hê om die talle uitdagings wat die jaar vir ons inhou, die hoof te bied. Ons kan dit natuurlik nét doen met die genade van Bo.

Namens die NLU-president, Uitvoerende Raad en bestuur wens ons u baie sterkte toe vir 2021.

DANKIE AAN ONS KORPORATIEWE LEDE

Feedmaster agra NAMIB POULTRY namibmills Bank Windhoek

Fooie vir kliniese dienste van DVS

Die Direktoraat van Veeartsenydienste (DVS) het op 26 Junie 2018 in ’n omsendskrywe (V12/2018) bekend gemaak dat die regering die heffing van fooie goedgekeur het vir Staatsveeartskantore wat kliniese dienste aan die publiek lewer. Dit sluit, onder andere, fooie per uur in, asook kilometertariewe wanneer amptenare na plase moet reis.
Na aanleiding van verskeie navrae van lede het die NLU-kantoor vandeesweek by die DVS gaan aanklop om seker te maak dat die betrokke omsendskrywe nog van krag is en dat die lewering van kliniese dienste korrek verstaan word.

Volgens ’n senior amptenaar van die DVS is die omsendskrywe steeds van krag en word dit geïmplementeer. Wat kliniese dienste betref word fooie gehef op alle dienste, behálwe waar daar verpligte plaasinspeksies gedoen word of wanneer dienste tydens die beheer van staatsbeheerde siektes gelewer word.

Die volledige omsendskrywe met die fooistrukture kan hier afgelaai word: Kliek hier

Kennisgewing van Bek-en-Klouseer

Die Direktoraat van Veeartsenydienste (DVS) het op 13 Januarie 2021 bekend gemaak dat daar vanaf 29 Desember 2020 tot 6 Januarie 2021 nuwe BKS-gevalle in die Ohangwena-, Oshana- en Oshikoto-streke voorgekom het. Die uitbraak in die Oshana-streek is 12 km noord van die Etosha.

Die DVS is tans besig met ’n veldtog om diere in die bogenoemde streke in te ent. Fondse wat benodig word vir die bestryding van en inenting teen die siekte is astronomies en daar is reeds versoeke om die regering se noodfonds aan te wend.

Sedert die eerste uitbrake oos en wes van Rundu verlede jaar, het die DVS die hulp van die industrie ingeroep en die LPO, tesame met die res van die industrie, het dadelik ingespring en onverpoosd bydraes gelewer om die verspreiding van die siekte te probeer beperk. Die Vleisraad en lewendehaweprodusente het die DVS bygestaan en sonder skroom saamgewerk om die veterinêre kordonheining (VKH) reg te maak en om seker te maak dat ontsmettingsgeriewe op die veeartseny-kontrolepunte funksioneel is.

Die Hoof Veeartseny Beampte van die DVS, dr. Albertina Shilongo, het vandeesweek weer ’n hernude versoek om hulp aan die industrie gerig om die nuutste BKS-uitbrake onder beheer te kry. Die industrie is versoek om die VKH te patroleer en te onderhou, om sodoende te voorkom dat BKS verder suid van die VKH versprei. Die Outjo en GTO Streekslandbou-unies is reeds besig met die patrolering van die VKH op die suidelike en noordelike grense van die Etosha, aangesien dit nou as ’n prioriteit geidentifiseer is.

Tydens die LPO se beplanningsessie in Desember verlede jaar was die instandhouding van die VKH ’n hoofpunt van bespreking. Almal was dit eens dat die uitkontraktering van die dienste vir die onderhoud en sekuriteit op hierdie lyn onontbeerlik is. Dit is nou ’n saak van dringendheid dat die industrie saam met die owerhede met ’n plan van aksie vorendag kom om die bogenoemde te laat realiseer.

Plantpeste en -plae

Die Ministerie van Landbou, Water en Bosbou het aangekondig dat hulle berigte van plantpeste en -plae, soos byvoorbeeld koringkrieke en herfskommandowurms, ontvang het. Die Ministerie versoek boere om gereeld na hulle landerye te kyk en enige uitbrekings aan hulle naaste landbouvoorligters aan te meld. Die landbouvoorligters sal boere inlig watter plaagbeheermiddels om te gebruik. Die Ministerie moedig boere in die tien akkerbouproduserende streke aan om van hulle gewasproduksieprogram gebruik te maak, wat insette teen gesubsidieerde pryse aan produsente beskikbaar stel.

Dr. Archie Norval oorlede

Landboukringe het ’n groot gees verloor toe die veteraan-veearts, dr Archie Norval, n’ án tweede hartaanval op sy plaas Liabettus, oorlede is.

Sy bedroefde vrou Limmie het aan Agriforum gesê op 76 jaar was haar man nog perdfris en gesond. “Hy het gisteraand om 22:30 sy eerste hartaanval gehad. Die wêreld om ons is só nat dat ons dit nie op die pad kon waag om mediese hulp te kry nie. Vandag om 03:15 het nog ‘n hartaanval gevolg, wat fataal was. Ek het hartmassering en mond-tot-mondasemhaling probeer, maar dit was tevergeefs.”

Tot en met sy afsterwe was dr. Archie nog aktief betrokke by landbou in sy hoedanigheid as die ondervoorsitter van die Vleisraad, die voorsitter van die FAN Meat-komitee en die ondervoorsitter van die Dieregesondheidskomitee. Hy was ook van 2010 tot 2012 lid van die grondhervormingsadvieskomitee.

Paul Strydom, hoofbestuurder van die Vleisraad, sê dr. Archie het FAN Meat na nuwe hoogtes gelei deur die naspeurbaarheidstelsel te stroomlyn, dit meer prakties te maak, gebruikersvriendelike aanlyn funksies vir boere in te stel en die integriteit van die stelsel te verbeter. Volgens Paul het hy, sedert hy aan die begin van 1995 by die Vleisraad ingeval het, baie nou saam met dr. Archie gewerk, tot en met 2004 toe hy verantwoordelik was vir dieresiektebeheer in die land en later as hoofveeartsenybeampte by die staat. Hulle was ook weer kollegas vanaf Februarie 2014 toe hy as raadslid in die Vleisraad begin dien het.

“Hy het ’n geweldige goeie persoonlikheid en ongelooflike ondervinding van die vleisbedryf gehad, veral wat dieresiektebeheer betref. Hy kon ook maklik en sinvol kommunikeer en sy kennis en insig aan kollegas en bedryfsrolspelers oor dieregesondheid, die hantering van bek-en-klouseersiekte (veral in die noorde), die status van die veeartseny-kordonheining en veeartseny-bestuur suid van die rooilyn, oordra. Sy insette sal gemis word,” sê Paul en voeg by, “ek het ’n persoonlike vriend verloor.”

Dr. Archie was by uitstek ook ’n gemeenskapsleier. Hieroor sê Jaco Kotze, wat voorsitterskap van die Stampriet Boerevereniging in 2012 by dr. Archie oorgeneem het: “Ons het ’n ongelooflike mentor en ikoon verloor. Hy was intellektueel, ’n sterk leier, ’n kerkman en vir ons jonger boere, ’n vaderfiguur. ’n Mens kon altyd op hom pyl trek. Die hartseerste is dat soveel kennis nou verlore is.”

Sy vrou Limmie sê harsteer: “Hy was my ou lewensmaat. Hy was die beste vir my.” Sy voeg by dat vanjaar se mildelike reën hulle opnuut lus gemaak het vir boer. “Nadat Archie by die

Vleisraad betrokke geraak het, het ons al ons vee verkoop en die weiding vir vyf jaar verhuur. Die plan was om vanjaar weer te begin boer."

Dr. Archie laat ook twee dogters, 'n seun en sewe kleinkinders agter.
Die Vleisraad, die Namibië Landbou Unie en Agriforum dra hul leedwese aan sy naasbestaandes oor.

Deur: Marietjie van Staden, *AgriForum*

Jackie van Aswegen oorlede

Die Bestuurder: Finansies van die NLU-kantoor, mev. Jackie van Aswegen, is op 26 Desember 2020 oorlede. Dit is 'n groot verlies vir die NLU, en die president, die Uitvoerende Raad en al die personeel wil graag hulle innige simpatie teenoor die familie betuig.

Huldeblyk: Buks Wahl

Mnr Buks Wahl was reeds met sy toetrede tot boerdery oortuig van die impak van verbossing op ons weiding en produksiepotensiaal van ons grond. Vandaar sy betrokkenheid by ontbossing en die vestiging van weidingsgewasse. Hy het 'n leierskaprol beklee by die vestiging van strukture soos die Bosbenutting Vereniging, asook die Bosbenuttingsmaatskappy as platforms om die bemarking van produkte afkomstig van ontbossing te reguleer en bevorder. Verderaan het hy weens sy betrokkenheid by die kommandos 'n lewendige belangstelling gehad vir plaasveiligheid en was hy aktief betrokke in sy onmiddelike gemeenskap. Hy het 'n lewendige belangstelling in boereverenigingsaktiwiteite gehad en was van tyd tot tyd betrokke by die bestuur van Veldduin BV. Hy sal onthou word as iemand wat met oorgawe gelewe het — vir sy gesin, vir boerdery of vir die gemeenskap.

NLU Klein Advertensies (smalls) nou deel van die weeklikse nuusbrief

NLU-lede moet asseblief kennis neem dat die weeklikse NLU Klein Advertensies voortaan deel van die weeklikse nuusbrief wat op Vrydae uitgestuur word, gaan wees. Die kantoor se sperdatum vir advertensies is Woensdae om 12:00. Die NLU Klein Advertensies is 'n gratis adverteringsplatform, slegs vir NLU-lede. Advertensies word onder die volgende kategorieë ingedeel:

- Te Koop Aangebied (Algemeen, Diere, Voertuie & Implemente)
- Te Koop Gesoek (Algemeen, Diere, Voertuie & Implemente)
- Te Huur (Aangebied, Gesoek)
- Te Ruil (Aangebied, Gesoek)
- Algemeen / Kennisgewings
- Veilings

Kliek hier vir die riglyne van die Klein Advertensies.

Meatco Algemene Jaarvergadering verskuif

Meatco stel hiermee produsente in kennis dat vanjaar se Algemene Jaarvergadering (die 34ste AJV) op 19 Februarie 2021 by NIPAM (Namibië Instituut van Openbare Administrasie en Bestuur) in Windhoek sal plaasvind.

Soos bepaal deur die Meatco Wet, Wet 1 van 2001, Seksie 14(8), mag slegs geregistreerde lede van die Meatco Korporasie van Namibië die AJV bywoon en stem.

Die resolusie van die 33ste AJV bepaal dat, om te kwalifiseer vir registrasie as 'n lid van Meatco, soos per Seksie 17(1), moet 'n produsent ten minste een eenheid lewendehawe aan Meatco verkoop het gedurende die tydperk onmiddellik vóór die datum waarop lidmaatskap bepaal is, naamlik, drie jaar vir lede suid van die veterinêre kordonheining (VKH) en vyf jaar vir lede noord van die veterinêre kordonheining (VKH).

Meer inligting oor die AJV sal mettertyd gekommunikeer word.

NLU AgriBraai 2021

Die 2021 NLU AgriBraai word op 26 & 27 Maart 2021 op die Mariental Skougronde gehou. Met die tema "Kampvuur-legendes" wil Uhlenhorst BV verseker dat die fokus in 2021 geplaas word op diegene wat 'n ryk tradisie in ons boeregemeenskap opgebou het.

Boereverenigings is welkom om reeds nou al hul span op die webtuiste (www.nluagribraai.com) of per e-pos (uhlenhorst.bv.sekretaris@gmail.com) in te skryf. Volledige inligting rakende die geleentheid volg eersdaags. Vir navrae, kontak Hoekus van Niekerk by 081 294 4676 of uhlenhorst.bv.sekretaris@gmail.com of Corrine van Wyk by wvw@afol.com.na of 081 358 2299.

Handelskou aangebied deur SA-Duitsland Kamer van Koophandel en Nywerheid

Gedurende Oktober 2021 bied die handelskou Messe München, die bauma CONEXPO AFRICA 2021 (**https://www.bcafrica.com/en/**) in Suid-Afrika aan. Dit is sub-Sahara Afrika se voorste handelskou vir konstruksie, mynwese, landbou- en bosboumasjiene asook masjinerie en voertuie.

Boere en organisasies wat belangstel om hul produkte by die skou uit te stal, kan die volgende skakels volg:

- Besoekersbrosjure: **Kliek hier**,
- Afrika-brosjure: **Kliek hier**,
- Aansoek: mede-uitstaller: **Kliek hier**,
- Aansoek: internasionaal: **Kliek hier**,
- Aansoek: nasionaal: **Kliek hier**
-

Die SA-Duitsland Kamer van Koophandel en Nywerheid is die amptelike gemagtigde verteenwoordiger van Duitse nywerheid en handel in Suider-Afrika en bied verskeie handelskoue aan. Hulle verteenwoordig Messe München, 'n wêreldbekende handelskou-organiseerder. Vir meer inligting oor Messe München, besoek hul webwerf by **https://messe-muenchen.de/en/**.

Vir meer inligting kontak Katrin Geisler by + 27 11 4862780 of **kgeisler@germanchamber.co.za**.

Kanaal 7

Saterdagoggend om 06:00 in Landbou Joernaal kan jy na die volgende uitsien:

- Francois Thiart gesels oor slange en meer spesifiek die sebraslang, sy gedrag en habitat.
- Na die opnames wat EPRA gedoen het om ’n opinie oor die regverdige verdeling van bates te kry, gee Eben de Klerk die uitslae.
- Goliath Tujendapi bespreek die stand van sake rondom die veterinêre kordonheining (VKH).
- Een van die grootste besprekingspunte op die oomblik is die weer en *Landbouweekblad* se Nelia Richter vertel ons meer.

’n Herhaling van Saterdag se Landbou Joernaal kan elke Woensdagaand om 20:00 op die radio gehoor word, óf op Kanaal 7 se webwerf by **www.k7.com.na**, óf per selfoontoep, óf op DStv se klankkanaal 825. Ouer uitsendings kan op die webwerf onder Potgooi gekry word. Vir enige navrae, vrae of versoeke, stuur ’n sms na 1023 met die kodewoord **landbou.** *Like, share en follow* ook ons Facebook-blad, Landbou op K7, vir interessante landbou-inligting.

Belangrike datums om te onthou

26 & 27 Maart	NLU AgriBraai te Mariental
29 Maart	sluiting van LWV-kongrespunte
9 April	Agri Megadag, Kalkfeld
14 April	APV-ledevergadering
26 Mei	Keetmanshoop Winterskool
31 Mei	sluiting van LPO- en NLU-kongrespunte
8 Junie	LWV Kongres
10 Julie	sluiting van nominasies vir AgriSter
13 Julie	SPV-ledevergadering
29 Julie	sluiting van nominasies vir Groot- en Kleinveeboer
29 Julie	sluiting van nominasies vir Landbou Vrou van die Jaar & Gemeenskapsprojek van die Jaar
5 Oktober	LPO Kongres
6 Oktober	Agri Vooruitskouings Konferensie
7 Oktober	NLU Kongres

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Maak seker dat jou grootste vyand nie tussen jou eie twee ore leef nie. - Laird Hamilton

Wisselkoers NAD (7 –13 Januarie 2021)

	Jan	EURO	USD	POND	PULA
Donderdag	7	18.914	15.422	20.896	1.429
Vrydag	8	18.698	15.258	20.727	1.413
Saterdag	9	18.693	15.296	20.752	1.417
Sondag	10	18.693	15.289	20.742	1.416
Maandag	11	18.858	15.495	20.953	1.428
Dinsdag	12	18.687	15.363	20.944	1.386
Woensdag	13	18.612	15.238	20.837	1.375